Vrydag **15 November**

**Skrifgedeelte: Genesis 19:15-23**

**Fokusgedeelte: Genesis 19:16, 17**

## Dit is groot genade om te kan vlug

Om te moet vlug, is nie lekker nie. As jou huis brand, is daar baie dinge wat vir jou kosbaar is wat jy moet agterlaat en vlug. So kom die dag toe skielik dat Lot ook moet vlug. Maar Lot talm, want daar is so baie dinge waarvan hy hom moeilik losskeur daar in Sodom. Ons as gelowiges is mos maar lief vir hierdie wêreld en vir alles hier om ons. Ons is selfs geneig om hierdie goddelose wêreld en onsself bo God lief te hê.

Ons as kinders van die Here moet nooit vergeet nie – ons moet ook soms vlug. Miskien is daar verkeerde woorde wat ek aangeleer het, my humeur, ’n probleem met selfbeheersing, of ’n verslapping in my toewyding aan die Here. Van sulke dinge moet ons wegvlug. Of is jy so ’n sterk Christen dat jy nooit hoef te vlug nie?

Maar wat ’n genade dat die Here ons ook aan die hand kom vat en uit sulke dinge kom uitlei. Ons Here Jesus het die pad oopgebreek om ons uit te lei na die vreugde van ’n verloste lewe. Die berge waarheen ons moet vlug, is om te gaan skuil in die skaduwee van ons ewige Rots en Verlosser. Ons moet nooit talm nie, eintlik moet ons nog meer die behoefte hê “om te vlug na” – om na die Here te vlug. Sy genade is so groot dat Hy ons elke dag deur die Heilige Gees aan die hart kom vat om na Hom toe te vlug. Soms werk die Gees deur ’n preek of ’n ander mens.

Kom ons gaan dink oor ons lewe. Is daar dinge waarvan ek moet wegvlug? Is daar die behoefte “om te vlug na” – om te gaan sonder om te talm, na die Rots Jesus Christus?

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*